# 6 Februarie 2024 - Lesing 3 - Riglyne vir die Gilgalwiel gebed

## Boodskap van Ricus Viljoen

Dagse Dirk. Dis 2.26, Sondagoggend 11 Junie 2017. Ek het n BOODSKAP vir jou. Ek kan dit self nie glo nie. Dis besig om te ontvou, met al die detail. Ek skryf soos dit kom. Die betekenis en simboliek sal uitgewys word.

By jou, op die plaas, het jy n spesiale boom, dit is die plek. Die stam van die boom dien as middelpunt, die as waarom die gebeure sal plaasvind. Jy, Dirk van Vuuren moet n tou afmeet met 3 van jou treë, dis die maatstaf. Jy moet n sirkel trek rondom die stam van die boom, 3 treë, die maatstaf van jou treë. Dit is die velling of band van die wa-wiel. Klippe vanuit alle rigtings van die land moet daar gepak word. N klip vanuit die Noorde moet Noord op die velling lê, vanuit die Ooste moet Oos lê, al 4 windrigtings moet aangedui word. Dit moet in die vorm van n band gepak word. Die 1e klippe moet 3 treë vanaf die boom wees, elk in die rigting van herkoms. Sou daar nog klippe vanuit n streek kom, word dit vanaf die velling se loopvlak na die stam toe gepak, in die vorm van n speek. Die daar moet 12 speke in totaal wees. Elke klip moet die dorp/streek verteenwoordig waar dit vandaan kom. Dit kan die dorp/omgewing se naam op gegraveer/uitgekap hê. Wanneer die speek van n rigting voltooi is, mag die band van die speek met die volgende speek verbind word.

Die embleem van die wa-wiel op die vlag word fisies gebou, sodat dit tasbaar en fisies waargeneem moet word. Die volk word deur die speke aanmekaar gebind, met die boom wat geplant, gegrond is op die aarde, wat die as is. Die boom bied skaduwee oor die 12 volke, speke.

Die boom is die samekoms van al 12 speke. Daar moet vanaf Sion n boodskap uitgaan dat die klippe opgeroep word, benodig word, die wiel moet gebou word, voltooi word, die tyd om te rol het gekom. Elke klip wat ontvang word, moet ten aanskoue van almal by jou op sy plek geplaas word.

Die gees van die volk word saamgetrek, die wiel bied ook rigting aan vanwaar julle hulp kry, of heen kan gaan om hulp.

Ek stuur eers dit wat geskryf is. Bêre in jou hart die inligting. Neem kennis hiervan. Begin met voorbereiding van die omgewing by die boom, en met die 3 treë van die tou.

## DIE SEËN DEUR JAHSHUA GEGEE AAN DIE BOEREVOLK

1. Wees geseënd in die aarde deur My bloed gekoop.
2. Wees geseënd terwyl die Leeu aan julle sy loop.
3. Wees geseënd as in ootmoed die wiel draai en die arend se gesang uitrys bo die kraai.
4. Edel is die volk, deur My Hand uitverkies,
5. Edel is die hart wat Liefde verkies.
6. Edel is die Man wat hart aan hande bind en die kind wat opgroei, net deur My Bloed verbind.
7. Ek, die Begin en Einde hiervan spreek: Geseënd is die siel waarin My Brood nou breek.

Amein.